Wat gebeur wanneer die leerder wil begin studeer?

- **U moet** die effektetrustmaatskappy of bank waar u die Fundisa Fonds-rekening geopen het **vertel dat die leerder gereed is om te studeer**.
- Hulle sal reël vir 'n **toekenningsertifikaat** wat sal toon **hoeveel geld** vir die leerder se opvoeding **beskikbaar is.** Hierdie **geld** bestaan uit die geld **wat u gespaar het, die bonusgeld en rente/groei**.
- Die leerder moet die toekenningsertifikaat na die **kollege** of **universiteit** neem waar hy of sy geregistreer het.
- Die **kollege** of **universiteit** sal die National Student Financial Aid Scheme (**NSFAS**) in kennis stel van die leerder se besonderhede en die NSFAS sal dan namens die student die geld van die Fundisa Fonds eis en dit **direk** oorbetaal aan die openbare kollege of universiteit waar die leerder ingeskryf het.

Koste

- Daar is 'n **jaarlikse fooi** van **1,25%** (BTW uitgesluit) wat afgetrek word van die inkomste wat in die Fundisa Fonds verdien word.
- Indien u besluit om deur middel van 'n finansiële adviseur te belê, kan die adviseur 'n fooi hef van **nie meer nie as 3% van u belegging**. Dit beteken byvoorbeeld dat 'n bedrag van R1.20 van 'n maandelikse belegging van R40 afgetrek mag word en aan u adviseur betaal mag word.
- Die bank waar u Mzansi-rekening geopen is kan ook 'n **debietorderfooi** hef elke keer wat u geld in u Fundisa Fonds-rekening inbetaal. Vind by u bank uit hoeveel dit sal wees.

Hoe om 'n Fundisa Fonds-rekening te open

Jy is welkom om 'n Fundisa Fonds-rekening by een van die volgende te open:

- Absa – besoek 'n deelnemende banktak of skakel 0860 111 456.
- Nedbank en Nedgroup Investments – besoek 'n deelnemende banktak of skakel 0860 123 263.
- Standard Bank en STANLIB – besoek 'n deelnemende tak, skakel 0860 386 3472 of SMS 'Fundisa' na 32009 sodat 'n konsultant jou kan skakel.

Jy sal gevra word om 'n Fundisa Fonds-aansoekvorm in te vul.

Statutêre openbaarmaking

Die Fundisa Fonds is nie 'n bankdeposito nie, maar 'n kollektiewe beleggingskema (effektetrust) wat oor die algemeen 'n medium tot langtermynbelegging is. Die waarde van u belegging kan gedurende die beleggingstydperk daal of styg. Vorige prestasie is nie noodwendig 'n aanduiding van toekomstige prestasie nie. Die Fundisa Fonds word verhandel teen 'n prys wat ingevolge die wet aan die einde van die dag vir daardie selfde dag bepaal word. Die Fundisa Fonds mag geld leen en van sy bates uitleen om meer inkomste te verdien. Indien enige kommissie of aansporings betaal word, sal dit ingesluit word by die koste wat aan u verklaar word. Die Fundisa Fonds moet ingevolge die wet geadministreer word. U kan by die plek waar u die belegging doen inligting kry oor wat die wet sê. Die Fundisa Fonds sal verkoop word deur lede van die Vereniging vir Spaar en Belegging Suid-Afrika (ASISA). Indien u nie tevrede is met die manier waarop u rekening bestuur word nie, kan u die Vereniging vir Spaar en Belegging Suid-Afrika (ASISA) by 011 669 4900 of 021 673 1620 of info@asisa.org.za vir hulp in verbinding tree.

fundisa

ASISA

SPAAR VIR 'N KIND SE OPVOEDING met Fundisa Fund

Spaar om te

fundisa

www.fundisa.org.za

Wat is die Fundisa Fonds?

Die Fundisa Fonds is 'n spaarrekening wat jou beloon as jy vir opvoeding spaar. Jy kan spaar om te betaal vir 'n kind se opvoeding vir 'n geakkrediteerde kwalifikasie by óf 'n openbare kollege óf 'n universiteit. Na gelang van hoeveel u gespaar kry, sal daar elke jaar 'n bonus by u rekening gevoeg word.

Hoe werk dit?

- U sal as beloning omdat u vir 'n kind se opvoeding spaar elke jaar 'n bonus ontvang. Die bedrag van die bonus kan tot soveel wees as **25% ('n kwart)** van die geld wat u elke jaar spaar.
- Dit beteken dat as u vir 'n jaar R100 per maand spaar (R1 200 per jaar) kry u nog R300 per jaar by om vir u kind se opvoeding te betaal.
- Daar is geen perk op die getal mense (beleggers) wat ten behoewe van 'n enkele leerder mag spaar nie. Die **meeste** wat egter as bonus vir elke leerder toegedeel kan word, is **R600** ongeag die getal beleggers. Om die bonus van R600 te ontvang, moet die beleggers altesame **R2 400** in daardie jaar spaar.
- Die regering en effektetrustmaatskappye het ingewillig om 'n l**oodsprojek van 3 jaar** te ondersteun om te sien of u vir u kinders se opvoeding wil spaar. Omdat dit 'n loodsprojek is, sal die bonus aan beleggers toeken word op 'n grondslag waar 'diegene wat eerste belê, eerste beloon word'. Die mense wat eerste geld deur die Fundisa Fonds-rekening spaar, sal die eerste aan die beurt kom om beloon te word, want die bonuspoel vir die loodsprojek is beperk.
- Die geld wat as bonus betaal word, behoort nie aan u nie – dit **kan net gebruik word** deur die leerder vir wie se opvoeding u spaar.
- Indien u van u geld uit die Fundisa Fonds-rekening moet onttrek, kan u dit doen, maar u sal die 25% bonus verloor wat u sou ontvang het. Wanneer u geld moet onttrek, sal dit twee werkdae duur vir u om u geld te kry van die effektetrustmaatskappy of bank waar u die Fundisa Fonds-rekening geopen het.
- Indien die leerder kies om nie verder te studeer nie, sal u die bonusgeld verloor, tensy u 'n ander leerder kies om in die oorspronklike een se plek te studeer.
- Indien die bonus nie gebruik word om vir enige leerder se studies te betaal nie sal u dit verloor.

Wie kan 'n Fundisa Fonds-rekening oop maak?

- Enige **Suid-Afrikaanse burger** of permanente inwoner wat graag wil help om iemand waarvoor hulle omgee te laat opvoed, mits die leerder 'n Suid-Afrikaner is.
- U **hoef nie** aan die leerder **verwant** te wees nie. U kan enige leerder borg wat u verkies.
- U moet 'n **Mzansi** of **ander transaksierekening by 'n bank hê** en 'n groen **ID-boek** met 'n staafkode.
- Al die geld wat u spaar behoort aan u totdat dit oorbetaal word aan 'n openbare kollege of universiteit wat erken word deur die National Student Financial Aid Scheme (NSFAS) – die staatsagentskap wat verantwoordelik is om die opvoedkundige instansies te betaal.
- Dit is belangrik dat u **nie kontant oorhandig** aan enigiemand anders nie as die effektetrustmaatskappy of bank waar u 'n Fundisa Fonds-rekening open. Maak altyd seker dat u 'n **kwitansie** kry vir enige kontant wat u in u Fundisa Fonds-rekening deponeer.

Die leerder wat u kies

- Moet 'n **Suid-Afrikaanse burger** wees.
- Moet 'n kopie van sy/haar **groen ID-boek** met 'n staafkode of **geboortesertifikaat** indien.
- Moet begin studeer teen die tyd dat hy of sy **35 jaar oud** is en by 'n **openbare** kollege of universiteit wat in vennootskap werk met die National Student Financial Aid Scheme (NSFAS).

Hoeveel moet u spaar?

- U kan 'n **minimum** van **R40 per maand** spaar.
- U kan ook op enige tydstip 'n **enkelbedrag** van **R40** of meer in die rekening deponeer indien u dit beskikbaar het.
- Die beste manier om te spaar is deur middel van 'n **maandelikse debietorder**.
- Hoewel u soveel in u rekening kan spaar as wat u wil, moet u onthou dat net die eerste R2 400 elke jaar vir die bonus sal kwalifiseer.

Hoe sal my Fundisa Fonds-rekening groei?

- Daar word **inkomste-effektetrusts** met u geld gekoop.
- Hierdie effektetrusts belê in **staatseffekte** en **bankdeposito's**. U sal met verloop van tyd rente en ekstra groei uit hierdie beleggings kry.
- U sal ook die **bonus** of ekstra geld kry om by te voeg by die geld wat u gespaar het.
- Daar sal **een keer per jaar 'n staat** aan u gestuur word wat sal toon hoeveel u gespaar het en wat die bedrag is van die bonus waarmee u beloon is.
- U kan ook sien met hoeveel u **spaargeld** in u Fundisa Fonds-rekening **gegroei het** deur na die **effektetrustpryse** in die **koerant** te kyk. Die eenheidprys van die Fundisa Fonds moet vermenigvuldig word met die getal eenhede wat u besit – u sal op u staat sien hoeveel eenhede aan u behoort.